




PERCHERON Nuus-News

“Dreams are necessary to live” Anias Nin



In this Edition

75 Feesjaar Vieringe

National Championship


Percheron at Agri Mega Week

Van uit die President se pen....

Die jaar is in die helfte en soveel goeie dinge het vir die Percheron gebeur.

Die 75ste Bestaansjaar van die Genootskap is sekerlik een van die kalender se hoogte punte. Met die 75 bestaansjaar is daar soveel projekte wat reeds agter die skerms aan die gang is. Twee datums wat belangrik is om te onthou is 19 en 20 September 2014.

Dit is vir my n groot voorreg om te vertel van die eerste Percheron Joernaal wat vir die Percheron ras beplan word. Ondersteun die projek sodat dit n tradisie kan word waardeur die Percheron as Ras vertoon kan word.



Die Fees dinee wat

Vise-Voorsitter ,Johan van der Merwe en die span reël beoog om n lekker Percheron kuier te wees. Ek wil elke lid persoonlik uitnooi na die geleentheid!

Daar gaan vererings, onthou geselsies en lekker gekuier word in die destydse hart van die Percheron land.

Bredasdorp Agri Megaweek gaan ook die eerste gemeenskaplike Percheron veiling aanbied. Hierdie veiling wat deur lede sowel as Elsenburg Landbou Kollege ondersteun word beoog om n jaarlikse instelling te word. Moet nie die veiling voor die Algemene Jaar Vergadering op 19 September 2014 misloop nie.

Die afgelope 2 jaar was gekenmerk deur struwelinge binne die Genootskap. As President sien ek uit na die toekoms van die Suid Afrikaanse Percheron. Die laaste gedeelte van 2014 gaan n groot hoogtepunt vir die ras wees en ek nooi elke Genootskap lid, Percheron liefhebber en belangstellendes om saam die 75ste Fees jaar van ons pragtige ras te kom fier.

Die administratiewe sake is ook weer opkoers met Johan Henning wat by Sumari oor geneem het. Dankie Johan vir die ure wat jy insit om lede se dokumente en sertifikate in die pos te kry. Baie dankie vir jou insette en tyd.

Ek sien uit om u elkeen in Bredasdorp te groet en lekker saam Percheron te praat en te kuier.

Percheron Groete
Jan Engelbrecht

NOTICE-KENNISGEWING

ANNUAL GENERAL MEETING- ALGEMENE JAAR VERGADERING

Remember to join fellow Percheron breeders at the

Annual General Meeting

Date: 19 September 2014

Venue: Agri Mega Week Bredasdorp

Time: 14:30

For enquiries contact Johan Henning

Tel: 076 053 4103 or send a mail to sapercheron@gmail.com.

Please notify the Secretary if you will attend the AGM

Onthou om mede Percheron telers te ontmoet by die Algemene Jaar Vergadering.

Datum: 19 September 2014

Plek: *Agri Mega Week/ Bredasdorp*

Tyd: 14:30

Vir navrae skakel Johan Henning

Tel: 076 053 4103 of stuur n email na sapercheron@gmail.com.

Laat weet asb die sekretaris

indien u teenwoordig sal wees.

Uit die verlede:

Deur Jan Engelbrecht

ELSENBURG MOHAMMED

Reg nr 0011029469

28/08/1968

Hier staan Vise Voorsitter, Johan van der Merwe by Elsenburg Mohammed. Mohammed is uit Regulateur (IMP) en Grootfontein Melinda.


Melinda is uit Histon Hallmark. Mohammed was hoofstoet hings by Elsenburg College tussen 1971 en 1982 gewees.



Elsenburg Mohammed is later aan Oom Frans (Badie) Badenhorst verkoop waar hy in die Tolpoort stoet as hings verder gebruik is.

Mohammed se bloed kom steeds voor in telers se perde. Die hings Elsenburg Lumbay en Elsenburg Lencon is afstammeling van hierdie eertydse hings.

Hier is Mohammed op die plaas by oom Frans Badenhorst in 1983.



Celia Nel met Mafura Beast tydens die Streeks kampioenskap te Misty Meadows

Sterkfontein stoet... blydschap na die hartseer.....

Gemini Luke goes on out-rides in halter 4 years old



In die vorige nuusbrieff het Hannes van der Walt ons meer vertel van sy Percheron invoere vanuit Amerika. Dit was egter enkele dae nadat die perde gekeur is vir hul Suid- Afrikaanse registrasie dat Windermere Wicker sy been gebreek het en verlos moes word.

Windermere farms het weer vir Hannes gehelp met die soektog en die prag hings, Lane End's Prospector het na vore getree.

Hierdie 18 hand hings het ook reeds n hele paar titels agter sy naam. Prospector is n swart Percheron met n pragtige temperament. Hy het reeds van Hannes se Franse merries gedek en sy eerste vullens behoort in die nuwe seisoen reeds hul verskyning te maak.

Hannes, baie geluk met die prag hings. Vir dekkings en semen navrae kan Hannes ge- kontak word by 082 5570927 of hannes.vanderwalt@macsteel.co.za



Prospectors Winning titles.

He was 1st and Jr. Champion at the National Percheron show.
1st and Grand champion at New York State Fair
1st and Grand Champion at Keystone International
1st and Res. Grand Champion at Great Lakes International
Won The All American (Best 2yr old stallion year end)

David Baird is a member of the SA Percheron Horse Breeders Society since October 2012 and kindly shares his joyful times with fellow Percheron owners.

Gemini Luke (Elsenburg Misidore x Elsenburg Louwna) is a 4 year old Gelding.

Luke with his *Sommer* saddle which is fully adjustable including flocking on site so that one saddle can usually fit the horse as the shape changes. With a Percheron that can be every few months. They take about 2 months from order. We found the Isabella Werth WIDE model was NOT wide enough for Luke so suspect that many using them and the Wintecs may be using saddles that do not fit correctly.

Luke has had his food upped as he is getting ridden such a lot. During a canter he unexpectedly did a serious buck that had me in the air above the saddle for a few seconds. Luckily he went back into a trot straight away.



Gemini Luke being ridden with his bit-less bridle. Such a good example for what the Percheron can be when loved and cared for.

Article by David Baird



Percheron Show:

Misty Meadows
Gauteng Streek Skou

UITSLAE

Kampioen Hingsvul onder 12 maande - Summerwind Scala Regia, Summerwind Stud

Junior Kampioen Merrie - Perch-Morg Angelique, Beau Cheval Stud
Reserwe Junior Kampioen Merrie - Summerwind Clarice, Summerwind Stud

Junior Kampioen Hings - Staalwyk Cronus, Perch- Morg Stud
Reserwe Junior Kampioen Hings - Summerwind Alexander, Summerwind Stud

Kampioen Reunperd - Mont-Belle Sebastiaan, Mont-Belle Stud
Reserwe Kampioen Reunperd - Elsenburg Loftus, Summerwind Stud

Senior Kampioen Merrie - Victoire D' Ajain, Sterkfontein Stud
Reserwe Senior Kampioen Merrie - Gemini Milla, Avalanche Stud

Senior Kampioen Hings - Sympa de Bellevue, Summerwind Stud
Reserwe Senior Kampioen Hings - Vulkin Chateauguillon, Summerwind Stud

Grootkampioen Merrie - Victoire D' Ajain, Sterkfontein Stud
Reserwe Grootkampioen Merrie - Perch-Morg Angelique, Perch-Morg Stud

Grootkampioen Hings - Staalwyk Cronus, Perch-Morg Stud
Reserwe Grootkampioen Hings - Sympa de Bellevue, Summerwind Stud

Kampioen Tuigperd - Sympa de Bellevue, Summerwind Stud

Kampioen Skouryperd - Mont- Belle Sebastiaan, Mont-Belle Stud

Kampioen Gewigtrekperd - Elsenburg Marinus, Nicolandreas Stud

Mees Veelsydige Percheron Van Die Skou - Sympa de Bellevue, Summerwind Stud

BAIE DANKIE AAN ELKEEN WAT HIERDIE SKOU GEONDERSTEUN HET.

Perch -Morg Angelique



Staalwyk Cronus– Kampioen Hings



Sympa De Bellevue– Kampioen Tuigperd

Mayden Way Jill



Mafura Beast



Reunion Mona -Lisa



Mont-Belle Sebastian– Kampioen Ryperd



Victoir De Ajain– Kampioen Merrie

NATIONALS AT HORSE OF THE YEAR

Winners

- Champion Colt under 12 months
Summerwind Scala Regia – Summerwind Stud
- Champion Gelding
Mont Belle Sebastian– Mont Belle Stud
- Reserve Champion Gelding
Elsenburg Loftus– Summerwind Stud
- Champion Driving Horse
Sympa de Bellevue– Summerwind Stud
- Champion Riding Horse
Mont Belle Sebastian– Mont Belle stud
- Champion Weight Pulling
Elsenburg Marinus – Nicolandreas Stud
- Supreme Champion Mare
Summerwind Sharifa– Summerwind Stud
- Reserve Supreme Champion Mare
Dream Bid Mortisha– Mr and Mrs Watts
- Supreme Champion Stallion
Vulkin Chateauguilion– Summerwind Stud
- Reserve supreme Champion Stallion
Elsenburg Marinus– Nicolandreas Stud
- Most versatile Horse of the day
Elsenburg Marinus– Nicolandreas Stud
- Best Stud group– Summerwind Stud



Dream Bid Madam Mortisa



Vulkin Chataugilion



Staalwyk Cronus



Summerwind Sharifa



Summerwind Clarice



Elsenburg Marinus



Tennesy Cauveliere



Summerwind Scala Regia



Summerwind Farah Diba



Silvae Chrissy



Sympa de Bellevue

Congratulations



Gemini Milla



Mafura Beast



Summerwind Diesel



Elsenburg Loftus

MEMBER NEWS- LEDE NUUS

Avalance Percheron Stoet

Die Gertenbach gesin het 'n baba boetie ryker geword. Louis en Celest, baie geluk met met die nuwe klein pienkvoet.

Gemini Myra het ook 'n merrie vul, Avalance Monet van Sympa de Bellevue in Februarie gehad. Hierdie vul word met baie liefde en bederf groot gemaak.



Montinigua Percheron Stoet

Paul Lubbinge het die foto van Jan -Paul en Trek- Lekker Lamori ingestuur.

Jan Paul is besig om haar in harness te leer. Sy word reeds gery. Haar merrievul, Claire de Lune word ook tans geleer. Lekker om die jongergeslag so saam met die perde te sien werk. Hou so aan!!!



Bigfoot Stud

Bigfoot Babe het 'n merrie vul van Tennessy Cauvelier gehad. Ziggie en Lynette stuur gereeld foto's aan. So lekker om die kleine Biscuit te sien groot word. Baie geluk!!!



Big foot Babe met Biscuit

Bonkige Bosmar



Christie het haar eerste troue met hul stoethings, Gemini Maurice gedoen. Die unieke koets is self deur Sampie gebou en word uitverhuur.

Maurice is 'n afstammeling van Elsenburg Mbeki en Elsenburg Mazda. Christie en Sampie, hou so aan om die Percheron vir die Vrystaat te wys!!

Celia Nel/ Perch Morg Stoet

Die Perch-Morg stoet het die vorige teel seisoen 4 merrievullens aangekry. Met Celia Nel se getroue ondersteuning en haar liefde vir Mnr Jan Morgan se perde gaan hierdie stoet van krag tot krag.



Nicolandreas Percheron stoet

Nicolandreas Percheron stoet het verhuis. Die stoet is nou gevestig by Louig Giano Trou venue digby die Hartbeespoort dam. Die stoet vorm deel van die trou venue en die perde word ingespan, vertoon en uitverhuur aan bruidspare. Die vraag na groter trekperde in hierdie bedryf maak van die Percheron die ideale perd.



PERCHERON VEILING

U WORD UITGENOOI NA DIE PERCHERON VEILING TYDENS DIE BREDASDORP AGRI MEAG WEEK. Die veiling sal om 11:00 op 19 September 2014 gehou word by die Agri Mega Week, Bredasdorp.





Percheron Pitkos

Mnr Dries Aucamp het die volgende ingestuur na aanleiding van die verskeie artikels in die Landbouweekblad. "Die swart Percheron is die hings wat my oupa in Engeland gaan haal het vir die Landbouskool (Landboukollege) Grootfontein, die witte is een van die vier merries wat hy saamgebring het.

My oupa is met 'n skip oor, het by die perde in die

kratte in die skip se ruim geslaap en gebly en vanaf Port Elizabeth met die trein na Grootfontein gebring"



For Sale

Tim and Elanie Pullen has a Percheron Gelding, Montago's Davy for sale. He is 9 years old. We took him with us to HOY in 2012 where he did well. He got a few 2nd placings in the Percheron Gelding classes. He hacks out lovely and is a safe ride. He stands about 15.3hh. He will stay in or out of the stable, he is currently living out on our farm. He has good strong feet and has never needed shoes on.

We were looking at about R55 000 for him.

Email: tim@lantic.net Cell: 0836804198



FEES DINEE

Die 75 ste Feesdinee word op 20 September 2014 by die Hoër Landbouskool Boland gehou.

U word hartlik uitgenooi om die geleentheid by te woon. Laat weet Johan Henning of Johan van der Merwe as u die geleentheid wil bywoon. Kom ons kuier lekker saam in die hartjie van die Boland.



75
JAAR STERK
YEARS STRONG

Percheron Genootskap van SA
Percheron Breeders Society of SA

Indien lede perde te koop het, laat weet asb die kantoor.
Besoek gerus die Genootskap se webwerf vir perde te koop

- Wanneer perde gekoop word, maak seker van die volgende by die kantoor:
- Perde op die vulboek aangeteken of dan WEL geregistreer is.
 - Vind uit of die perd gekeur is.
 - Die perd moet met n mikroskyfie geïdentifiseer word en n DNA profiel reeds na die kantoor ingestuur is.

Contact details

Jan Engelbrecht	082 855 7633
Johan van der Merwe	082 650 7818
Talitha Etsebeth	082 372 9464
Johan Henning	076 053 4103

Webpage: www.percheronsa.co.za
Email:
sapercheron@gmail.com

Next issue... Des 2014

Thank you for reading the Percheron News. A Special thank you to all the members who contributed to this edition. For any information, comments or news please contact the office:

Tel: +27 76053 4103
Fax +27 086 611 3461
sapercheron@gmail.com

Postnet suite 913
Private Bag x 37
Lynnwood Ridge, 0040